| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier |
|---|

**PUNTE-TOTAAL**

| |
|---|
| |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Beantwoord al die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat hierbo verskaf is, te skryf.
5. Lees al die vrae noukeurig deur en maak seker dat jy net beantwoord wat gevra word.
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale afgerond word, tensy anders vermeld.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
9. DRIE blanko bladsye (bladsy 28 tot 30) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie genoeg plek vir 'n antwoord het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

---

**PUNTETOEKENNING**

| VRAAG 1 | VRAAG 2 | VRAAG 3 | VRAAG 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en **skryf die letter (A–D)** wat met jou antwoord ooreenstem, in die ruimte wat aan die einde van die vraag op **bladsy 2** verskaf is.

1.1.1 Drakrag van veld word uitgedruk in:

A ha/dier-eenheid(au)/maand
B ha/dier-eenheid(au)/jaar
C hooi/dier-eenheid(au)/dag
D ha/dier-eenheid(au)/seisoen

1.1.2 'n Hoë grond pH, kan deur 'n oormaat ... (i) veroorsaak word en reggestel word deur ... (ii) toe te dien.

A kalsiumkarbonaat (i); kalk (ii)
B natriumhidroksied (i); gips (ii)
C natriumsoute (i); gips (ii)
D kalsiumsoute (i); water (ii)

1.1.3 Temperatuur van 'n streek word bepaal deur ...

A reënval, terrein, humiditeit en sonlig.
B lande, bemesting en besproeiing.
C sonlig, aanplanting en gewas.
D geen van die bogenoemde.

1.1.4 'n Suurveld-kamp vir beeste is ...

A onsmaaklik vir beeste en kan vir winterweiding gespaar word.
B smaaklik vir beeste en 'n hoë drakapasiteit.
C smaaklik en behou sy voedingswaarde heel jaar.
D smaaklik vir beeste en kan nie vir winterweiding gespaar word nie.

1.1.5 Die tipe arbeid wat slegs vir die span van draad aangestel word, is ...


A seisoenale arbeid.
B permanente arbeid.
C geleentheidsarbeiders.
D intensiewe arbeid.

1.1.6 Noodsaaklike aspekte in die vestiging van 'n boerdery-onderneming is ...

A insameling van inligting, marknavorsing en arbeid.
B markte en krediet.
C insameling van inligting, markte, finansiële beplanning en ondervinding.
D krediet en grond.

IEB Copyright © 2022

1.1.7 Die grafiek hieronder toon die verband tussen vraag- en aanbod van 'n produk, PUNT C word die … genoem.




A aanbod ewewig
B vraag balans
C markprys
D markewewig

1.1.8 Ooraanbod van 'n produk verwys na ...

A wanneer die vraag na 'n produk laer is as die aanbod.
B wanneer baie van 'n produk op die mark beskikbaar is.
C wanneer die varsprodukte mark vol is.
D wanneer 'n produk se markprys hoog is.

1.1.9 Kalibrasie verwys na ...

A die deponering van 'n hoeveelheid saad en kunsmis.
B die deponering van die regte hoeveelheid kunsmis, saad of chemiese stowwe op 'n sekere oppervlak area.
C die regte manier van deponering van saad.
D die diens van 'n gifspuit.

1.1.10 In kalibrasie berekeninge van grondbespuiting van onkruid is die volgende aspekte uiters belangrik:

A trekker tipe, seisoen en tyd
B oppervlak, spuittipe en vinnige spoed
C tipe spuitbalk, trekker tipe en arbeid
D konstante enjin revolusies, skoon pompfilter en konstante pompdruk

| 1.1.1 | 1.1.2 | 1.1.3 | 1.1.4 | 1.1.5 | 1.1.6 | 1.1.7 | 1.1.8 | 1.1.9 | 1.1.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

(20)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) van jou keuse in die ruimte wat onderaan die bladsy verskaf is. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.2.1 Proefbalans | A Sortering van vrugte in verskillende groottes en kleure volgens sekere spesifikasies. |
| 1.2.2 Balansstaat | B Die beskrywing op die verpakking wat al die basiese inligting oor 'n landbouproduk bevat. |
| 1.2.3 Kunsmis | C Die doel is om die finansiële toestand van 'n onderneming op 'n bepaalde datum weer te gee. |
| 1.2.4 Standaardisering | D Bestelvorm, goedereontvangsbewys, Leweransiersfaktuur, tjeks. |
| 1.2.5 Etiket | E Is 'n opsomming van al die grootboekrekeninge se totale. |
| 1.2.6 Brondokumente vir aankope | F Weiding waar daar 'n balans tussen soetveld- en suurveldgrasspesies is. |
| 1.2.7 Gemengde veld | G Chemiese bestanddeel wat die produksie-uitset van grond sal verhoog. |
| 1.2.8 Gradering | H Spesifikasies wat eenvormigheid aan 'n groep produkte gee ten opsigte van fisiese voorkoms en/of chemiese samestelling. |
| 1.2.9 Inventaris | I Lys van voorraad. |
| 1.2.10 Organisasie | J Die bestuursbeginsel wat gebruik word wanneer 'n boer aktiwiteite op die plaas herrangskik vir beter doeltreffendheid. |
| | K Kasregisterstrokie, kwitansie, verkoopsfaktuur, bankdepositostrokies. |

| 1.2.1 | 1.2.2 | 1.2.3 | 1.2.4 | 1.2.5 | 1.2.6 | 1.2.7 | 1.2.8 | 1.2.9 | 1.2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

(10)

IEB Copyright © 2022

1.3 Gee die korrekte landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die korrekte term neer. **Byvoorbeeld: 1.3.11 Stikstof.**

1.3.1 'n Gemeenskap van lewende organismes wat ondersteun word deur 'n lewende omgewing.

___

(1)

1.3.2 'n Area grond (land) wat dieselfde tipe grond het.

___

(1)

1.3.3 Denkbeeldige lyne wat plekke op dieselfde hoogte bo seespieël verbind en gebruik word as beplanning.

___

(1)

1.3.4 'n Implement wat gebruik word in die voorbereiding van 'n land, wat die grond sny en konsolideer.

___

(1)

1.3.5 'n Implement wat vir swaardiens werk gebruik word om grondverdigtings en grondkorse op te breek.

___

(1)

1.3.6 Nie-hoofstroom bemarking van 'n produk wat op 'n spesifieke groep kliënte gemik is.

___

(1)

1.3.7 Die grondeienskap wat 'n aanduiding gee van die grond se dreinerings-vermoë, tipe minerale- en organiese inhoud.

___

(1)

1.3.8 'n Risikobestuurstegniek wat gebruik word as 'n verskeidenheid gewasse aangeplant word.

___

(1)

1.3.9 Die staat wat waardevolle inligting oor 'n maatskappy se bruto betalings en ontvangste aandui en insig bied in sy toekomstige inkomstebehoeftes.

___

(1)

1.3.10 'n Tegniek wat gebruik word om die waardeverlies van die vaste tasbare bate op langtermyn te bepaal as gevolg van gebruik, slytasie, ouderdom of verandering in marktoestande.

___

(1)

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD in ELK van die volgende stellings om dit WAAR te maak. Skryf slegs die antwoord neer. **Byvoorbeeld: 1.4.11 Kommunikasie.**

1.4.1 Die <u>waarde</u> van grond word deur die dreineerbaarheid, tekstuur en pH bepaal.

___

(1)

1.4.2 <u>Aanplantings</u> verminder die getal skadelike insekpeste en een plant kan soms die ander plant beskerm deur die plant minder waarneembaar te maak vir insekplae.

___

(1)

1.4.3 <u>Oorbeweiding</u> is wanneer die vee kies om slegs sekere plante te eet.

___

(1)

1.4.4 <u>Besproeiing</u> sluit 'n boerderymetode in wat minder skadelik is vir die omgewing, min of geen chemikalieë gebruik, maar gewoonlik gepaard gaan met hoër insetkoste en laer opbrengs.

___

(1)

1.4.5 <u>Kapitaal</u> is die geldwaarde van 'n boerderyproduksie gedurende 'n rekenkundige tydperk.

___

(1)

IEB Copyright © 2022

1.4.6 Opposisie verwys na 'n besigheid/boerdery wat nie dieselfde produk as jy lewer nie, maar wat wel 'n produk lewer wat dieselfde behoefte van kliënte kan bevredig.

______________________________________________________________________ (1)

1.4.7 'n Faktuur word aan 'n debiteur uitgereik om te bevestig dat die onderneming teruggestuurde goedere ontvang het en dat die debiteur krediet ontvang het.

______________________________________________________________________ (1)

1.4.8 Waarde toevoeging behels die verandering van 'n landbouproduk om 'n langer raklewe te verseker en bederf te voorkom.

______________________________________________________________________ (1)

1.4.9 Krediet kan slegs geskep word indien die nodige fondse beskikbaar is.

______________________________________________________________________ (1)

1.4.10 Die term advertensie word gebruik om die vloei van produkte van die plaas na die verbruiker te beskryf.

______________________________________________________________________ (1)

**50 punte**

## AFDELING B

## VRAAG 2 HULPBRONBENUTTING, GRONDGEBRUIK EN BOERDERYSTELSELS

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**"Tegnologie in aksie"**

Daar het reeds 100 Angolese boere, wat in die *Mavo Diami-projek* deelneem, vir 'n nuwe diens geregistreer, wat hulle van raad oor gewasse en weervoorspellings op hulle slimfone voorsien. Die oorkoepelende doel van die projek is om volhoubare voedsel- en inkomstesekuriteit vir meer as 100 000 kleinboere in Angola te verbeter. Deur van satellietdata wat *Mavo Diami* voorsien, gebruik te maak, kan Angolese boere hulle gewasse beter kies en hulle landboubestuursaktiwiteite verbeter.

**Voedsel- en inkomstesekuriteit**

Hierdie datastelle laat vir beter gewasgeskiktheidsevaluering oor groot uitbreidings van bewerkbare grond (land wat vir tydelike gewasse gebruik word) toe. Sodoende word hulpbrongebruik verbeter en volhoubare voedsel- en inkomstesekuriteit verseker. Sulke datastelle, wat grondtekstuur, waterhoudingskapasiteit, plantegroei, terrein helling, reënval en lugtemperatuur insluit, is reeds van satelliet-gebaseerde produkte en masjienleer-observasies beskikbaar.

Op kaarte uitgebeeld, kan die grondvariasies maklik getoon word en boere kan die mees geskikte ligging en area identifiseer om sekere gewasse aan te plant. Met gebruik van die FAO AquaCrop-model word potensiële oesopbrengs ook vir beplande plantseisoene bepaal, om meer inligting oor potensiële inkomste te voorsien.

**Vermindering van besproeiingskoste**

Besproeide landbou in Angola is op kommersiële plase ontwikkel met gebruik van hoofsaaklik spilpunt- en drupbesproeiingstelsels. Besproeiingslandbou het hoër oesopbrengs tot gevolg en voorsien 'n hoër inkomste aan boere. Vir grootskaalboere word 'n aktiwiteitsporings-module geïmplementeer. Op dié wyse kan boere met hulle land- en arbeidsaktiwiteite tred hou.

Kommersiële plase moet egter in hoë-energievoorsiening belê om besproeiingsstelsels met waterpompstasies te bedien.

Die Mavo Diami-projek laat besproeiingstelseloperateurs toe om kennis-gebaseerde besluite te neem oor wanneer en hoeveel gedurende die plantseisoen te besproei. Die diens kan besproeiingaanvraagvolumes gedurende die plantseisoen voorspel en 'n gebruikersvriendelike besluitnemingshulpmiddel aan besproeiingsoperateurs voorsien.

As beter inligting oor besproeiiingvolumes en intervalle voorsien word, kan 'n noemenswaardige vermindering in energiekoste verkry word.

[Aangepas vanuit artikel op <https://www.futurewater.eu/2020/11/mavo-diami-services-launched-farmers-now-receive-land-suitability-advice-on-their-mobile-phone-en/>]

IEB Copyright © 2022

2.1 Die Mavo Diami-projek help boere om natuurlike hulpbronne te bewaar en verskaf tegnologie wat boerderypraktyke 'n hupstoot gee.

2.1.1 Identifiseer vanuit die artikel die tipe produksiebestuurstelsel wat deur die klein- en kommersiële boere in Angola gebruik word.

(1)

2.1.2 Verskaf TWEE voordele wanneer dié produksiebestuurstelsel wat in Vraag 2.1.1 genoem is, gebruik word.

(2)

2.1.3 Noem TWEE tegnologiese hulpmiddele wat in die bogenoemde scenario gebruik kan word tydens die plant van gewasse.

(2)

2.1.4 Die Mavo Diami-projek help boere om natuurlike hulpbronne beter te bestuur. Identifiseer TWEE natuurlike hulpbronne.

(2)

IEB Copyright © 2022

2.2 "Op dié wyse kan boere met al hulle land- en arbeidsaktiwiteite tred hou." (Paragraaf 4)

2.2.1 Noem en verduidelik die DRIE tipes arbeid wat 'n besproeiingsboer kan aanstel.

(6)

2.2.2 "Indien arbeidsaktiwiteite gemonitor kan word, kan daar beter kontrole wees wat produktiwiteit en ekonomiese voordele inhou." Verklaar die siening.

(3)

2.2.3 Koördinering van boerdery-aktiwiteite behels die samewerking van groepe en individue in die uitvoer van take. Sinvolle koördinering lei tot hoër produktiwiteit van arbeid en lewer 'n positiewe bydrae in plaasbestuur. Ontleed en verklaar die stelling.

(3)

IEB Copyright © 2022

2.3 Bestudeer die onderstaande ondernemingsbegroting en antwoord die vrae wat daarop volg.

**ONDERNEMINGSBEGROTING 2020/2021**

| | **DROË LAND (a)** | | **BESPROEIING (b)** | |
|---|---|---|---|---|
| | **MIELIES** | **SOJABONE** | **MIELIES** | **SOJABONE** |
| **INKOMSTE** | | | | |
| Beplande opbrengs (ton/ha) | 3,5 | 1,50 | 12,00 | 3,50 |
| SAFEX prys (beste graad) (R/ha) | 2 440 | 5 500 | 2 493 | 5 172 |
| | | | | |
| **BRUTO INKOMSTE (R/ha)** | 8 540 | 8 250 | 29 916 | 18 102 |
| | | | | |
| **VERANDERLIKE KOSTES (R/ha)** | 7 218 | 5 649 | 20 734 | 10 934 |
| **TOTALE VASTE KOSTE (R/ha)** | 2 611 | 2 407 | 7 305 | 6 305 |
| **TOTALE KOSTE (R/ha)** | (J) R9 829 | (K) | | (L) |
| | | | | |
| **NETTO INKOMSTE** | (M) | | | |

2.3.1 Wat is die **doel** van 'n ondernemingsbegroting?

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

2.3.2 Hoe moet 'n boer te werk gaan om 'n begroting op te stel?

- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________

(4)

IEB Copyright © 2022

2.3.3 Bereken die TOTALE KOSTE (J) per hektaar vir droëland SOJABONE.

(3)

2.3.4 Bereken die NETTO INKOMSTE (M) per hektaar vir droëland MIELIES. Maak 'n gevolgtrekking met betrekking tot die lewensvatbaarheid van die boerdery.

(4)

2.3.5 Vergelyk die TOTALE KOSTE (R/ha) van (K) en (L). In watter omstandighede sal 'n boer besluit om tog die addisionele uitgawes aan te gaan?

(4)

IEB Copyright © 2022

2.4 Bestudeer die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'n Boer wil graag mielies aanplant. Sy lande is egter teen 'n helling geleë, en boonop woon hy in 'n winderige streek. Hy is bewus van die belangrike hulpbron wat grond vir hom is, en wil die grond so goed as moontlik bestuur en bewaar.

2.4.1 Identifiseer TWEE tipes gronderosie wat deur die omstandighede in bogenoemde scenario veroorsaak word.

(2)

2.4.2 Kontoerbewerking kan EEN van die bogenoemde tipes erosie voorkom. Verduidelik wat kontoerbewerking is.

(2)

2.4.3 Verduidelik hoe kontoerbewerking kan help om gronderosie te voorkom.

(2)

2.4.4 Grondkompaktering is 'n wesentlike gevaar wat deur oorbewerking veroorsaak word. Dui aan watter grondeienskappe deur kompaktering beïnvloed word.

(2)

IEB Copyright © 2022

2.4.5 Hoe beïnvloed grondkompaktering gewasse wat aangeplant word?

(4)

2.4.6 Noem TWEE metodes om grondkompaktering te voorkom.

(2)

**[50]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 VOLHOUBAARHEID, SAKEPLAN, ENTREPRENEURSKAP EN BEMARKING

Die volgende foto's is voorbeelde van verskillende tipes Agritoerisme. Bestudeer die foto's aandagtig en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### BOER A




[Bron: <https://www.wildafricaexperiences.co.za/bookings/wild-whacky-wine-trail/>]



[Bron: <https://www.nature-trips.eu/en/activity/82933/slovenia-hiking-gourmet-holiday-8-days-7-nights>]

### BOER B




[Bron: <https://www.facebook.com/Agritourismafrica/>]



[Bron: <https://www.bookhorseridingholidays.com>]

3.1 Identifiseer die tipes agritoerisme in die gegewe foto's.

BOER A: ______________________________________________

BOER B: ______________________________________________ (2)

3.2 BOER A wil die plaaslike gemeenskap in sy omgewing bewus maak van **HULLE** rol in agritoerisme. Noem en bespreek DRIE aspekte wat hy met hul kan bespreek.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (6)

3.3 Lys VIER belangrike aspekte wat in ag geneem moet word indien agritoerisme as 'n bedryftak op 'n plaas gevestig word.

- ______________________________________________
  ______________________________________________
- ______________________________________________
  ______________________________________________
- ______________________________________________
  ______________________________________________
- ______________________________________________
  ______________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2022

3.4 **BOER A** het besluit om sy **bemarkingsplan** aan te pas vir die **druiweproduksie** van sy boerdery.

3.4.1 Dui aan watter belangrike inligting BOER A in ag sal moet neem wanneer hy die bemarkingsplan saamstel.

(6)

3.4.2 Verskaf EEN voordeel en EEN nadeel van die volgende bemarkingskettings:

(a) Plaashekbemarking

(2)

(b) Varsproduktemark

(2)

(c) Kontrakbemarking

(2)

3.4.3 Sekere tye van die jaar is BOER A deel van **koöperatiewe bemarking**. Demonstreer wat hiermee bedoel word.

(2)

3.4.4 Verskaf DRIE faktore wat die prys van 'n produk bepaal.

(3)

3.4.5 Die onderstaande is 'n voorbeeld van 'n plaaslike produkorganisasie (produksie organisasie) in Suid-Afrika

VINPRO growing together

[Bron: <https://vinpro.co.za/>]

**Vinpro verteenwoordig naastenby 2 600 Suid-Afrikaanse wyndruif-produsente, kelders en wyn-verwante besighede.**

Bespreek die rol van produkorganisasies (produksie organisasies).

(3)

IEB Copyright © 2022

3.4.6 Tabuleer TWEE voordele en TWEE nadele van produksie organisasies.

(6)

3.5 **BOER B** het 'n nuwe idee om sy bestaande agritoerismebedryfstak uit te brei, maar hy is onseker oor die volhoubaarheid van sy plan. Hy oorweeg om dié plan te gebruik om aansoek te doen vir finansiering van die projek.

3.5.1 Identifiseer "die plan" wat hy wil voorlê vir finansiering.

(1)

3.5.2 Verskaf VIER voordele van die plan in **Vraag 3.4.1**.

(4)

IEB Copyright © 2022

3.5.3 Verduidelik wat "volhoubaarheid van sy plan" beteken.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

3.5.4 Deel van BOER B se plan is om meer doeltreffende advertering te doen. Wat is die hooffunksie (doel) van advertering?

________________________________________

________________________________________ (1)

3.5.5 Noem VIER metodes van advertering.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (4)

**[50]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4 BOERDERYBESTUUR, FINANSIËLE BEPLANNING, OES EN WAARDETOEVOEGING

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die Zambië Ontwikkelingsagentskap (*Zambia Development Agency* – ZDA) het die privaatsektor uitgenooi om 'n moderne mango prosesseringsprojek (ZMPP) op die been te bring, wat onder die agri-prosessering subsektor val.

ZDA sê die mango prosesseringsaanleg, wanneer dit eers in die land opgerig is, sal 'n gemiddeld van 30 000 ton mangopulp en 5 000 ton gedroogte mango per jaar produseer. ZDA sê dat die afhaaldepot, met afkoelingsfasiliteite, in alle provinsies van Zambië opgerig sal word.

"Die projek sal mangopulp en -sap asook gedroogte mangoskyfies van vars mangovrugte maak. Die geprosesseerde produkte sal van hoë kwaliteit en smaak wees, wat aan internasionale standaarde voldoen. Die mangopulp en -sap sal in geskikte verpakking verpak word, afhangende van die onderskeie vorme."

"In die geval van 'n nie-bederfbare produk, sal die pulp gesteriliseer en in steriele sakke verpak word. Die geraffineerde pulp sal ook in hermeties verseëlde blikkies verpak en weer gestoor word. Gevriesde pulp sal gepasteuriseer en in plaatvrieskaste bevries word. ZMPP sal gehandelsmerkte deursigtige plastieksakke vir verpakking van gedroogte mango gebruik."

**Rekords**

Die ZDA plaas groot waarde op streng rekordhouding, nadat gevind is dat hierdie 'n maatstaf is waarteen 'n boerdery sy werksaamhede kan vergelyk. Ons glo sterk in die gesegde dat as jy dit nie meet nie, kan jy dit nie bestuur nie. Die rekords help ons om realistiese arbeidproduktiwiteit-teikens op te stel. Dit laat ook toe vir produksiekoste om akkuraat bereken te word, wat die besigheid 'n goeie beraming van potensiële winsgewendheid gee.

[Aangepas vanaf <https://www.lusakatimes.com/2021/07/14/zda-wants-to-set-up-a-mango-processing-factory-seeks-investors/>]

4.1 Die volgende foto's is voorbeelde van verskillende na-oeshantering van mango's.




[Bronne: <https://www.ipcinfo.org>, <https://www.fao.org>, en <https://encrypted-tbn0.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcTO5kU_ju_qEPfHaqjdnIzlD4h0BFjKCs1npA&usqp=CAU>]

4.1.1 Identifiseer die effektiefste **na-oeshantering** en **vervoer foto**. Verskaf 'n rede.

(2)

4.1.2 Noem DRIE voordele van plastiekkratte, tydens die **vervoer** van vrugte. (FOTO B)

(3)

IEB Copyright © 2022

4.1.3 Hoekom is FOTO A 'n voorbeeld van "SWAK" na-oeshantering en verpakking?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________
(2)

4.1.4 Vervoer van mango's vanaf die plaas na die prosesseringsaanleg moet betroubaar en effektief wees. Noem DRIE eienskappe van "betroubare en effektiewe vervoer".

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________
(3)

4.2

"… 'n gemiddeld van 30 000 ton mangopulp en 5 000 ton gedroogte mango per jaar."

4.2.1 Definieer die konsep "prosessering".

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________
(2)

4.2.2 Verduidelik die twee primêre prosesseringsmetodes waarna in die bogenoemde aanhaling verwys word (bladsy 21).

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________
(4)

IEB Copyright © 2022

4.2.3 Lys VIER higiëniese praktyke wat jy as boer sal toepas in die voedselprosesseringsaanleg.

(4)

4.3

> "In die geval van 'n nie-bederfbare produk, sal die pulp gesteriliseer en in steriele sakke verpak word. Die geraffineerde pulp sal ook in hermeties verseëlde blikkies verpak en weer gestoor word. Gevriesde pulp sal gepasteuriseer en in plaatvrieskaste bevries word. ZMPP sal gehandelsmerkte deursigtige plastieksakke vir verpakking van gedroogte mango gebruik."

4.3.1 Identifiseer die DRIE verskillende preserveringsmetodes wat gebruik word in die bewaring van pulp.

(3)

4.3.2 Formuleer 'n kort verduideliking van EEN van die preserveringsmetodes wat jy in **Vraag 4.3.1** geïdentifiseer het.

(3)

IEB Copyright © 2022

4.3.3 Mikro-organismes benodig gunstige omstandighede om te vermeerder. Verduidelik hoe **effektiewe** preservering ongunstige groeitoestande vir mikro-organismes kan skep.

(3)

4.3.4 Noem DRIE voordele van verpakking.

(3)

4.3.5 Watter DRIE eienskappe van verpakkingsmateriaal sal jy in ag neem as jy verpakkingsmateriaal moet oorweeg vir gedroogte veselperskeskyfies?

(3)

IEB Copyright © 2022

4.3.6 Preservering is een van die waardetoevoegingsaktiwiteite wat boere gebruik. Verduidelik aan die hand van 'n voorbeeld, wat bedoel word met "waardetoevoeging".

(4)

4.4

| |
|---|
| Die ZDA plaas groot waarde op streng rekordhouding, nadat gevind is dat hierdie 'n maatstaf is waarteen 'n boerdery sy werksaamhede kan vergelyk. |

4.4.1 Regverdig die gebruik van rekordhouding in boerdery.

(3)

4.4.2 Lys TWEE finansiële rekords wat gebruik word om wins of verlies van 'n boerdery te bepaal.

(2)

IEB Copyright © 2022

4.4.3 Voorspel TWEE moontlike uitkomste van **onrealistiese arbeidsdoelwitte/-mikpunte** wat 'n boer vir sy werknemers kan stel.

(4)

4.4.4 Hoe sal jy **rekordhouding** gebruik om **arbeiders** te motiveer?

(2)

**[50]**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022

**BYKOMENDE SPASIE OM VRAE TE BEANTWOORD. ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022